# #imagine

# WAT IS JOU STORIE?

Tiener Bybelstudie joernaal

# CREDO

**ONS IS DIE IMAGINE GENERASIE**

**ONS GLO IN MÔRE,
WANT JESUS MAAK NUUT**

**ONS DROOM VAN VREDE,
WANT GOD IS LIEFDE**

**ONS BRING VERANDERING,
WANT DIE GEES BEWEEG**

**ONS IS DIE KERK VAN VANDAG,
DIE LEIERS VAN MÔRE**

**ONS IS DIE IMAGINE GENERASIE.**


**#IMAGINE KONTAK INLIGTING**

imaginemove

imagine_moveSA

imagine.movement.

+2779 991 7847 (Stoor die nommer op jou foon en whatsapp jou naam, van, graad, skool en kerk na dit)

**Web: imaginemovement.co.za**

info@imaginemovement.co.za


**#IMAGINE PARTNERSHIP**

Een van die beste maniere om die #imagine beweging te ondersteun, is om 'n #partner te word en 'n klein donasie te maak deur 'n maadelikse debiet order. 'n Bedrag so min soos R10 kan 'n groot verskil maak.

Stuur 'n epos aan partners@imaginemovement.co.za om maandeliks by te dra en 'n nuusbrief te ontvang.

# INHOUD

**1. Wat is #imagine?** **1**

**2. #imagine uitdaging** **2**

**3. Reis met die storie: Hoe om die Bybelstudies te gebruik** **3**

**4. Jou storie van Genesig, Bybelstudie Reeks 1** **4**

- Minderwaardig tot Vry - Filemon 1:10-12 5
- Verwerping na Aanvaarding- Matteus 1:18-20 6
- Selfsugtig na lojaal - Rut 1:14-18 7
- Gebedslied 8
- Wanhoop na hoop - 1 Konings 17:7-16 9
- Vrees na Waagmoed - Handelinge 9 10
- Skuld na Vreugde - Psalm 51 11
- Gebedslied 12

**5. Jou storie van Verskil Maak, Bybelstudie Reeks 2** **13**

- Gasvryheid - Handelinge 18:1-3 14
- Bemagtiging - Johannes 6:1-12 15
- #imagine Event 16
- Invloed uitoefen - Ester 7:1-4 17
- Vriendskap - 2 Samuel 12:12-13 18
- #imagine Kidz 19
- Tyd - Lukas 10:25-37 20
- #imagine Encounter Stations 21
- Gebed - Handelinge 3:1-10 22

**6. Jou Storie van Verhoudings, Bybelstudie Reeks 3** **23**

- Verhoudings deur vergifnis- Genesis 50:15-21 24
- Verhoudings deur Getuienis- Lukas 3 25
- #Aktiveer ander 26
- Verhoudings met Nie-Gelowige Leiers -Daniël 5 27
- Verhoudings deur leierskap- Josua 1:1-9 28
- #Mentorskap 29
- Verhoudings deur te getuig- Handelinge 10 30
- Verhoudings deur Mentorskap- 1 Samuel 3:1-9 31

**7. #Piggy Uitdaging** **32**

# WAT IS #imagine?

**#Imagine is 'n nasionale beweging ("movement") waar jong mense saamkom om te droom, glo en doen. Elke jaar is daar vier byeenkomste, wat ons "experiences" noem, (op vier verskillende plekke landswyd) op dieselfde naweek waar ons meer leer oor Jesus, Sy Naam loof, toegerus word om 'n verskil te maak en ander jongmense van verskillende gemeenskappe dwarsoor Suid-Afrika leer ken.**

**Die #imagine beweging ("movement") daag alle tieners uit met 'n groot visie: elke probleem in ons land is 'n unieke geleentheid vir iemand wat kan droom oor verandering, glo in God se visie en bereid is om te doen wat nodig is vir verandering. Ware verandering benodig egter harde werk en passie, maar jy het die kapasiteit, energie en vermoë om dit moontlik te maak deur die leiding van die Heilige Gees. Is jy reg om 'n verskil te maak deur jou geloofsstorie?**

*"Now to him who is able to do immeasurably more than all we ask or imagine, according to his power that is at work within us, to him be glory in the church and in Christ Jesus throughout all generations, for ever and ever! Amen."*
>>EPHESIANS 3:20-21

*"Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen."*
>> EFESIËRS 3:20-21

*"Kepha yena onamandla okwenza okukhulu kakhulu kunakho konke esikucelayo nesikuqondayo ngokwamandla asebenza kithi"*
>> KWABASE-EFESU 3:20

*"Unkulunkulu angenza noma yini oyaziyongaphezulu kakhulu kunakho konke ukucabanga kwakho, nokudlinza kwakho kanye nokucela kwakho ngisho ekucabangeni kwakho konke."*
>> KWABASE-EFESU 3:20

# #IMAGINE UITDAGING:

#Geloof Storie en Ooreenkoms

Deel van ons roeping as #imagineers is om ons #geloof storie te deel met ander.
**NET SOOS TIMOTEUS...**

**#MY STORIE:**

Het my verhaal hoogte- en laagtepunte, maar ek sien hoe Jesus deel daarvan vorm want...?

**#ONS STORIE:**

Weet ek, ek is nie alleen nie, want daar is ook mense wat my ondersteun en help groei soos ...? En ek weet ek moet ....?... ondersteun en help groei!

**#NUWE STORIE:**

Het God my ook geroep om 'n voorbeeld te stel en 'n verskil te maak deur...?... te doen.

**#IMAGINE STORIE:**

Ek is deel van die #imagine generasie en verbind my daartoe om my geloof te versterk deur ...?

## IS JY REG VIR DIE #IMAGINE CHALLENGE?

Merk ten minste een manier waarop jy wil ***DROOM*** saam met God en ander oor Sy Koninkryk deur:

- ☐ Bybelstudie te doen
- ☐ Vir en saam met ander te bid
- ☐ 'n Mentor te wees of een te kry
- ☐ 'n Bybelstudie groep te begin

Merk ten minste een manier waarop jy wil ***GLO*** en jou geloof deel deur:

- ☐ Sosiale media te gebruik
- ☐ Kreatief te wees
- ☐ Ander aan te moedig om 'n verskil te maak by 'n spesifieke saak
- ☐ Jou geloof storie te deel

Merk ten minste een manier waarop jy wil ***DOEN*** en 'n verskil maak deur:

- ☐ Diensbaar te wees by jou kerk
- ☐ 'n #imagine saam eet te reël
- ☐ 'n Plaaslike uitreik te reël
- ☐ Brûe te bou na ander
- ☐ 'n #Re-imagine event te reël
- ☐ Op 'n uitreik te gaan
- ☐ Deel te raak van kinderbediening
- ☐ 'n #imagine partner te raak

# REIS MET DIE STORIE:


Almal het hul eie unieke lewensstorie, geloofstorie, en strydstorie. Die uitdaging is om God BINNE IN hierdie storie te ontmoet. God sien jou nie as 'n produk van jou geskiedenis of omstandighede nie. Hy sien jou anders, want jou beeld is in Christus - #image-in-Christ - 'n NUWE storie deur Jesus geskryf.

## HOE OM DIE BYBELSTUDIES TE GEBRUIK

Hierdie Bybelstudie joernaal bestaan uit 3 studiereekse om jou te help op jou reis deur jou eie storie van jou lewe, geloof, en stryd:

1. Jou storie van Gensing
2. Jou storie van 'n Verskil maak
3. Jou storie van Verhouding

Mag jy vir Jesus IN jou storie ontmoet, en hierdie Jesus leer ken wat jou ken, jou liefhet, jou aanvaar, en jou op jou naam noem, soos wat jy die verskillende verhale in elke Bybelstudie lees en bespreek.



REEKS
01


# JOU STORIE VAN GENESIG

Ons emosies speel 'n groot rol in ons daaglikse lewens. Hulle kan alles beïnvloed, vanaf die manier hoe ons aantrek, tot die manier hoe ons teenoor ander optree.

Soms kan ons emosies ons lam maak, en soms, aan die ander kant, kan ons emosies 'n positiewe invloed hê en ons bemagtig.

In hierdie Bybelstudie reeks, gaan ons verskillende karakters vanuit die Bybel ontdek, en kyk hoe hulle hul emosionele uitdagings hanteer het om genesing en hoop te vind, om sodoende hul nuwe storie te leef met waagmoed.

**GEBRUIK DIE EMOJI'S HIERONDER OM JOU LEWE SE STORIE TE VERTEL. NOMMER HULLE VANAF 1 TOT 10 OM JOU STORIE TE VERTEL.**



# MINDERWAARDIG TOT VRY

## ONESIMUS – FILEMON 1:10-12

### 1. MY STORIE

Wie is ek? Ek is ʼn slaaf. Sommige noem my op my naam, Onesimus, maar dit beteken nie veel nie. My naam dra geen waarde nie, want slawe is niks werd nie. Ek is net iemand se besitting. Iemand wat ʼn harde lewe gelei het. Ek het dit probeer ontsnap en in die tronk opgeëndig, maar iets wonderliks het in die tronk gebeur. Ek het gedink ek gaan sterf in die tronk, maar in teendeel het ek ʼn nuwe lewe gekry. Ek het vir Paulus, ʼn volgeling van Jesus, ontmoet. Hy het my van God vertel en hoe God almal liefhet en ook vir my, ʼn slaaf, kan gebruik. Daardie dag het alles verander.

### 2. FILEMON 1:10-12

10 Ek doen ʼn beroep op jou in belang van my kind Onesimus. Hier in die gevangenis het ek sy geestelike vader geword. 11 Voorheen was hy vir jou nie bruikbaar nie, maar nou is hy baie bruikbaar sowel vir jou as vir my. 12 Ek stuur hom na jou toe terug, en my hart gaan saam met hom.

- Hoe dink jy voel dit om ʼn slaaf te wees?
- In watter situasies voel jy minderwaardig?

### 3. NUWE STORIE

- Waarvan kan Jesus jou vrymaak (iets wat jou minderwaardig laat voel) en wie kan jou help?

### 4. ONS STORIE

- Waar dink jy kan God jou gebruik om brûe te bou saam ander wat minderwaardig voel?
- Vind iemand wat hartseer of alleen voel en post iets bemoedigends op hulle sosiale media.

### 5. GEBED

Bid die volgende en maak die sin klaar met jou eie woorde: *"Here, dankie dat ek nie meer ʼn slaaf is nie, maar vry is van..."*

# VERWERPING NA AANVAARDING

## JOSEF, JESUS SE PA – MATTEUS 1:18-20

### 1. MY STORIE

Ons almal het uitgesien na die troue. Die familie was gelukkig. Ek en Maria was gelukkig. En toe dit... Maria is swanger! Sy is swanger! Hoe is dit moontlik? Ons is nog nie eers getroud nie? Wat moet ek nou doen? Ek het ook drome, planne en bo dit alles 'n goeie reputasie wat ek nie wil verloor nie. Wat maak ek nou? Ek dog ek kan haar vertrou. Die enigste uitweg vir my is om ons verlowing te verbreek en dat ons paaie skei.

### 2. MATTEUS 1:18-20

18 Hier volg nou die geskiedenis van die geboorte van Jesus Christus. Toe sy moeder
Maria nog aan Josef verloof was, het dit geblyk dat sy swanger is sonder dat hulle
gemeenskap gehad het. Die swangerskap het van die Heilige Gees gekom. 19 Haar
verloofde, Josef, wat aan die wet van Moses getrou was maar haar tog nie in die
openbaar tot skande wou maak nie, het hom voorgeneem om die verlowing stilweg
te verbreek. 20 Terwyl hy dit in gedagte gehad het, het daar 'n engel van die Here in
'n droom aan hom verskyn en gesê: "Josef seun van Dawid, moenie bang wees om
met Maria te trou nie, want wat in haar verwek is, kom van die Heilige Gees.

- Wat beteken dit dat Josef aan die wet getrou was?
- Hoe sou jy gevoel het as dit jou verloofde was wat swanger geraak het sonder jou?

### 3. NUWE STORIE

- Watter rol speel Jesus se koms in jou lewe?

### 4. ONS STORIE

- Soms wil jy nuwe goed aanpak, maar God se plan daarmee is anders as wat jy gehoop of gedink het. Gaan dink oor wat God dalk besig is om anders te doen as wat jy gehoop of beplan het?

### 5. GEBED

*"Here, help ons om verby ons eie idees te kyk om te kan sien wat U wil doen. Help ons om op u te vertrou, al werk dinge nie uit soos wat ons dit beplan het nie."*

# SELFSTUGTIG NA LOJAAL

## RUT EN NAOMI – RUT 1:14-18

### 1. MY STORIE

Ek en Naomi, my skoonma, het maar deur swaar tye gegaan. Eers het ek en Orpha, my skoonsuster, ons mans, Naomi se seuns, verloor en later het Orpa ook maar besluit om ons te verlaat en terug te gaan na haar mense. Ek kon net nie. Al was Naomi van 'n ander volk en het 'n ander god as ek gedien, was daar iets aan haar wat eenvoudig gemaak het dat ek nie van haar kon afskeid neem nie.

### 2. RUT 1:14-18

14Toe het Naomi se skoondogters weer begin huil, en Orpa het van haar afskeid
geneem, maar Rut het by haar gebly. 15Toe sê Naomi: "Kyk, jou skoonsuster het
teruggegaan na haar volk en na haar gode toe. Gaan jy nou ook saam met haar
terug." 16Maar Rut het geantwoord: "Moet my tog nie dwing om van u af weg te
gaan en om om te draai nie, want waar u gaan, sal ek gaan; waar u bly, sal ek bly; u
volk is my volk; u God is my God; 17waar u sterf, sal ek sterf en daar sal ek begrawe
word. Ek lê 'n eed af voor die Here: net die dood sal ons skei." 18Naomi het besef
dat Rut vasbeslote was om saam met haar te gaan en sy het opgehou om haar te
probeer ompraat.

- Wat dink jy het gemaak dat Rut nie van Naomi wou weggaan nie?
- Is daar iemand in jou lewe, oor wie jy ook so voel soos Rut oor Naomi gevoel het?

### 3. NUWE STORIE

- Dink jy dit maak vir Jesus saak wie ons is of waar ons vandaan kom?
- Lys 'n paar voorbeelde van verhale in die Bybel waar Jesus na mense gegaan het, by hulle geëet het of hulle aanvaar het, terwyl ander mense gedink het Hy was nie veronderstel om dit te doen nie.

### 4. ONS STORIE

- Kan jy dink aan mense wat soms uitgeskuif voel omdat hulle dalk "anders" as die norm is? Hoekom sluit ons dikwels mense uit en hoe kan jy hierdie mense insluit?

### 5. GEBED

Vra die Here om jou te help om met waagmoed na ander uit te reik en hulle daaraan te herinner dat ons almal deel is van mekaar.

# GEBEDSLIED

*Lees die woorde van hierdie lied. Onderstreep al die woorde of frases wat jou aanspreek. Hoe laat hierdie woorde of frases jou voel?*

**KOM DANK NOU ALMAL GOD - SIYAKUBONGA**

*Kom dank nou almal God met hart en mond en hande.*
*Loof Hom wat wonders doen tot in die verste lande.*
*Van vroeg , van kindsbeen af, het Hy ons trou bewaar*
*en tot vandag toe nog geseën en gespaar.*

*O, God so ryk en goed, gee ons solank ons lewe*
*altyd 'n blye hart, as dit u wil is, vrede.*
*Laat u genade ons beveilig teen gevaar,*
*in donker ure ons van struikeling bewaar.*

*Siyakubonga Baba*
*Wena uphakeme*
*Siyakubonga Baba*
*Akekho ofana Na'*

*All thanks be to our God with hearts and hands and voices,*
*for all that he Has done, in Whom the world rejoices.*
*Who, from our mothers' arms, has blessed us on our way.*
*With countless gifts of grace, His love is here to stay.*

# WANHOOP NA HOOP

## ELIA – 1 KONINGS 17:7-16

### 1. MY STORIE

My naam is Elia. Ek word gereken as een van die grootste profete in Israel. As profeet was ek 'n boodskapper van God wat die woord en wil van God aan die volk van Israel uitgelê het. Ek was 'n profeet tydens die regering van koning Agab en sy bose vrou Jesebel wat Baäl bedien en aanbid het. Sy het selfs probeer om my dood te maak, veral nadat ek haar Baäl-profete op die Karmel-berg verneder het en doodgemaak het, en vir Baäl ontbloot het as 'n dooie god. Ek het baie dinge gesien wat 'n groot impak gemaak het op my. Ek het eendag hierdie weduwee van Sarafat ontmoet. Sy het nie veel gehad nie, maar haar geloof in God was so sterk dat sy my gehelp het met die bietjie wat sy wel gehad het.

### 2. 1 KONINGS 17:7-16

14So sê die Here die God van Israel: Die meel in die kruik sal nie opraak nie, en die
olie in die kan sal nie minder word nie, totdat die Here laat reën het op die land."
15Sy gaan maak toe soos Elia gevra het. Van toe af het hulle genoeg gehad om te
eet, hy en sy en haar gesin. 16Die meel in die kruik het nie opgeraak nie, en die olie
in die kan het nie minder geword nie, soos die Here deur Elia beloof het.

- Hoe het die weduwee haar vertroue in die Here gewys?
- Watter tekens van hoop sien jy in hierdie storie raak?

### 3. NUWE STORIE

- Kan jy 'n storie deel van 'n tyd toe God vir jou en jou gesin in 'n moeilike situasie gesorg het?

### 4. ONS STORIE

- Nooi 'n paar vriende oor om brood te bak. Terwyl julle die brood bak, deel stories van hoop met mekaar. Skryf dan 'n dankie brief aan iemand in jou gemeenskap wat hoop bring, soos die polisiestasie, en gaan lewer die briefie met die vars gebakte brood by hulle af.

### 5. GEBED

Bid die volgende en voltooi die gebed met jou eie woorde: *"Here, help my om U hoop te sien in moeilike situasies soos..."*

# VREES NA WAAGMOED

## ANANIAS – HANDELINGE 9

### 1. MY STORIE

Ek was my hele lewe lank 'n gelowige, en toe Jesus in die omtrek was, het ek ook vir Hom as my Messias en Here aangeneem. Ek het later net probeer laaglê in Damaskus, in die hoop dat mense soos Saulus nie vir my en die ander gelowiges daar sou raaksien nie, maar God het ander planne gehad. Saulus het Damaskus toe gekom om vir my en ander gelowiges te vervolg, en pleks daarvan dat ek gaan wegkruip, stuur God my na Hom toe...om vir hom te bid sodat Saulus weer kon sien. Ek het daardie dag gedink my naam se betekenis moet verander vanaf "Geseënd deur die Here" na "Ek moet mal wees om te doen wat die Here sê".

### 2. HANDELINGE 9:10–13,15,17–18

10 In Damaskus was daar 'n sekere volgeling van Jesus met die naam Ananias. Die
Here het hom in 'n gesig geroep: "Ananias!" "Hier is ek, Here," het hy geantwoord.
11 En die Here sê vir hom: "Gaan dadelik na Reguitstraat toe en vra by Judas se huis
na 'n man van Tarsus met die naam Saulus. Hy is besig om te bid 12 en hy het in 'n
gesig 'n man met die naam Ananias sien inkom wat hom die hande oplê sodat hy
weer kan sien." 13 Maar Ananias sê: "Here, ek het al by baie mense van hierdie man
gehoor en van al die kwaad wat hy die mense wat in U glo, in Jerusalem aangedoen
het." [...] 15 Toe sê die Here vir hom: "Gaan daarheen, want Ek het hom gekies as my
werktuig om my Naam uit te dra onder die heidennasies en hulle konings en ook
onder Israel." [...]

- Hoe, dink jy, het Ananias gevoel toe hy gehoor het dat hy na Saulus, wat vir hom in die tronk wou gooi, moet gaan?
- Waarom is dit soms moeilik om waagmoed te hê?

### 3. NUWE STORIE

- Is daar tye wanneer jou roeping oorheers word deur jou vrees?

### 4. ONS STORIE

- Dink aan iemand in jou dorp/skool wat jy dink jou vyand is. Gaan na daardie persoon toe, en probeer vriende met haar/hom maak.

### 5. GEBED

Bid en voltooi hierdie gebed: *"Here Jesus, leer my hoe om die waagmoed te hê om **[Jou vyand]** lief te hê en van haar/hom my vriend te maak. Leer my hoe om op te staan en u te volg, al is ek bang."*

# SKULD NA VREUGDE

## DAWID – PSALM 51

### 1. MY STORIE

Ek het groot foute gemaak. Ek wou hê wat nie myne was nie, ek het dit wat reeds myne was verwerp, en ek het die Here se wil geïgnoreer. Ek weet ek moet gestraf word vir my sondes, maar ek weet God is 'n genadige en liefdevolle God. Dalk sal Hy my vergewe as ek my sondes bely, sodat ek my lewe kan omdraai.

### 2. PSALM 51:3–6, 8–10, 19

[3]Wees my genadig, o God, in u troue liefde, wis my oortredings uit in u groot
barmhartigheid! [4]Was my skoon van my skuld, reinig my van my sonde! [5]Ja, my
oortredings ken ek en van my sonde bly ek altyd bewus. [6]Teen U alleen het ek
gesondig, ek het gedoen wat verkeerd is in u oë. U uitspraak is dus reg en u oordeel
regverdig. [8]Maar U verwag opregtheid diep in 'n mens se hart: laat ek dan diep in my
binneste weet hoe U wil dat ek moet lewe. [9]Neem tog my sonde weg dat ek rein kan
wees, was my dat ek witter as sneeu kan wees. [10]Laat my weer blydskap en vreugde
belewe. U het my verbrysel; laat my weer jubel. [19]Die offer wat U wil hê, o God, is
verootmoediging: U sal 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie, o God.

- As jy die woorde van hierdie Psalm lees, hoe tree God teenoor sondaars op?
- Hoekom, as ons teen God sondig, dink jy, moet ons juis vir God vra om ons te vergewe?

### 3. NUWE STORIE

- Wat beteken Jesus se kruisdood en opstanding vir jou?

### 4. ONS STORIE

- As Jesus ons vry maak van ons sondes, hoe kan ons mense vry maak van die sondes wat ons dink teenoor ons gepleeg is?

### 5. GEBED

Maak die hele Psalm 51 oop in jou Bybel of op jou foon. Lees die hele Psalm as 'n gebed, en bring dan enige ander sondes wat jy wil voor Jesus se voete.

# GEBEDSLIED

*Lees deur die lied. Watter verskillende emosies ervaar jy wanneer jy die lirieke lees? Teken emojis van die verskillende emosies wat jy raaklees in die lirieke. Langsaan daardie emojis, teken 'n persoonlike emoji van hoe daardie lirieke jou laat voel.*

**TREMBLE FIERCE**

*Before I call*
*Before I ever cry*
*You answer me*
*From where the thunder hides*
*I can't outrun*
*This heart I'm tethered to*
*When every step*
*I collide with You*

*Like a tidal wave*
*Crashing over me*
*Rushing in to meet me here*
*Your love is fierce*
*Like a hurricane*
*That I can't escape*
*Tearing through the atmosphere*
*Your love is fierce*

*Jesus, Jesus,*
*You make the darkness tremble,*
*Jesus, Jesus,*
*You silence fear.*
*Jesus, Jesus,*
*You make the darkness tremble,*
*Jesus, Jesus.*

*You chase me down*
*You seek me out*
*How can I be lost when You have called me found?*

## REEKS 02

# JOU STORIE VAN VERSKIL MAAK

Baie van ons mag dink dat die enigste manier om 'n verskil te maak is om iets groot te doen, wat 'n massiewe impak gaan hê. Tog vertel die stories in die Bybel vir ons iets anders – die stories in die Bybel moedig ons aan om nie net te fokus op die groot dinge nie, maar om ook die klein dinge wat ons het te gee en te gebruik.

In hierdie Bybelstudie reeks, gaan ons verskillende karakters uit die Bybel ontdek, en sien hoe hulle dít wat hulle gehad het, gebruik het om 'n verskil te maak..

**IN DIE EERSTE KOLOM, MAAK 'N LYS VAN AL DIE PLEKKE EN SPASIES IN JOU GEMEENSKAP WAAR JY 'N VERSKIL KAN MAAK. IN DIE TWEEDE KOLOM, MAAK 'N LYS VAN DINGE (TALENTE, BESITTINGS, VAARDIGHEDE, ENS.) WAT JY KAN GEBRUIK OM 'N VERSKIL TE MAAK. KAN JY ENIGE VAN HIERDIE PLEKKE OF SPASIES MET JOU LYS DINGE VERBIND?**
**#GAAN MAAK 'N VERSKIL!**

| | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

# GASVRYHEID

## PRISCILLA EN AQUILA – HANDELINGE 18:1-3

### 1. MY STORIE

Ons is Akwila en Priscilla. Ons bly nou in die stad Korinte, nadat ons moes pad gee uit Rome waar ons die evangelie verkondig het. Ons maak tente om kos op die tafel te sit, maar ons werklike passie is om mense van Jesus Christus te vertel – alle mense wat graag meer van Hom wil weet is welkom in ons huis.

### 2. HANDELINGE 18: 1-17 (NUWE LEWENDE VERTALING)

1 Paulus het Atene verlaat en Korinte toe gegaan. 2 Daar het hy Akwila ontmoet,
'n Jood wat in Pontus gebore is. Hy het kort tevore saam met sy vrou, Priscilla,
uit Italië daar aangekom. Hulle is uit Italië weg omdat keiser Claudius beveel het
dat alle Jode Rome moes verlaat. Paulus het hulle gaan opsoek. 3 Hy het by hulle
ingetrek en saam met hulle gewerk, want hulle was tentmakers net soos hy.

(Lees verder oor Priscilla en Akwila se werk in Handelinge 18: 24-26; Romeine 16:3; 1 Korintiërs 16:19; 2 Timoteus 4:19)

- Wat lees jy raak in vers 3 van gasvryheid – om jou huis, koskas, etenstafel en jou hart vir ander oop te maak?
- Dink aan 'n verhaal/ervaring in jou eie lewe waar die Here jou al uitgedaag het om gasvry te wees – hoe het dit jou laat voel?

### 3. NUWE STORIE

- Jesus het self gereeld saam met mense geëet - dink maar aan Saggeus. Hy het ook mense gereeld uitgedaag om saam met ander mense te eet – veral mense wat "anders" (vreemd/weird) was. Hoekom dink jy het Jesus juis etes/etenstye gebruik om mense uit te daag?

### 4. ONS STORIE

- Wat sal jy doen as jy 'n vreemdeling raakloop wat kos en blyplek nodig het?
- Kyk of jy iewers deur die loop van die week kan eet saam met iemand wat jy dalk nie so goed ken nie/wat anders as jy is.

### 5. GEBED

*"Here, help my om soos 'n Priscilla of Akwila te wees deur..."*

# BEMAGTIGING

×

## ANDREAS – JOHANNES 6:1-12

### 1. MY STORIE

Sedert die dag wat ek vir Jesus ontmoet het, het hy my nogals uitgedaag om dinge te doen, na plekke te gaan en mense te ontmoet wat ek nooit voorheen sou doen nie. Ek is Andreas en ek is een van Jesus se eerste dissipels. Daardie dag toe ek my nette agter gegelaat het en Jesus begin volg het, het ek geen idee gehad van wat alles oor my pad sou kom nie. Maar Jesus het gesê: "Volg My!", en dis presies wat ek gedoen het. Soms lyk dit onmoontlik om Jesus te volg, soos die dag toe hy vir meer as 5000 mense kos wou gee en daar was nie juis kos om te gee nie, al wat ek kon vind was 'n jong knaap met 5 brode en 2 vissies, maar tog het Jesus net weereens bewys hy is baie groter en magtiger as wat ons ooit kan dink.

### 2. JOHANNES 6:1-12

8'n Ander dissipel, Andreas, die broer van Simon Petrus, sê toe vir Hom: 9"Hier is 'n seuntjie met vyf garsbrode en twee vissies; maar wat is dit vir so baie mense?"

- Wat dink jy het Andreas gedink gaan Jesus met die brode en vissies doen?
- Deel 'n storie van 'n geleentheid waar jy iemand genooi om 'n bydrae te lewer deur gebruik te maak van hulle unieke gawes.

### 3. NUWE STORIE

- Watter van jou gawes kan Jesus vermeerder en gebruik om ander te help?
- Is daar tye wat jy dink, dit wat jy, of ander, het om te bied is nie goed genoeg nie? Hoe help hierdie verhaal jou om anders daaroor te dink?

### 4. ONS STORIE

- Beplan 'n post-#imagine event en nooi verskillende mense met verskillende gawes. Dit kan iets groot wees soos 'n re#imagine praise & worship, of iets kleins soos 'n koffie-groep wat saam dink, droom oor God se planne vir jul dorp, en dan iets daaraan doen.

### 5. GEBED

*"Here, dankie dat U elkeen van ons deel maak van u gesin, en dankie dat U vir ons gawes gee wat ons kan gebruik, net soos ons is, om ander te help."*

# #IMAGINE EVENTS

Reël 'n re#imagine geleentheid deur die vaardighede, geleenthede, en gawes wat julle het te gebruik om 'n verskil te maak.

Gebruik die volgende wenke om daaroor te dink:

- WIE? (Kry 'n groep vriende eers bymekaar)
- WAT KAN ONS GEE? (Wat is julle gedeelde vaardighede en geleenthede?)
- TIPE GELEENTHEID? (b.v. 'n Aand van musiek en aanbidding, of 'n jeugweek, of dalk 'n kamp of net 'n ete.)
- WAAROM? (Deel idees oor brugbou geleenthede)
- GOEDGEKEUR? (Gesels met 'n onderwyser of kerkleier)
- VERBINDTENIS? (Nooi ander mense vanuit verskillende skole / kerke / die gemeenskap)
- BID DAAROOR?
- BEGROTING?
- KAARTJIE KOSTES?
- INHOUD? ("Encounter stations", #imagine musiek, speletjies, video's, of 2019 ervaring inhoud, of hierdie boekie, kan gebruik word.)
- ROGRAM?
- DATUM? * TYD? * PLEK?
- LOGISTIEK? (Kos, band, sprekers, ens.)
- BEMARKING? MENSE NOOI?
- FOTO's EN VIDEO's?
- PRET?
- TERUGVOER?
- DEEL AANLYN?

# INVLOED UITOEFEN

## ESTER 7:1-4

### 1. MY STORIE

Wie sou geraai het dat ek, Ester, 'n arme Joodse meisie wat saam met my ander mede-Jode weggevoer is na Assirië en Persië, koningin van die hele ryk sou geword het? Ek sou dit nooit raai nie, maar toe gebeur dit, en ek is skielik in 'n posisie van rykdom, mag, en invloed! Ek het nie geweet wat om te doen nie, maar toe ek hoor dat my man en die koning se raadgewer, Haman, al ons Jode wou uitwis, kon ek nie stilsit nie! Uiteindelik het ek geweet waarom die Here my hier geplaas het!

### 2. ESTER 7:1–4

1Die koning en Haman het by koningin Ester gekom om saam met haar te eet.
2Terwyl hulle by hierdie tweede geleentheid besig was om wyn te drink, vra die
koning weer vir Ester: "Wat is dit wat jy wil vra? Dit sal vir jou gegee word. Wat is
jou versoek? Al is dit ook die helfte van die koninkryk, dit sal toegestaan word."
3Koningin Ester antwoord toe: "As die koning my goedgesind is, en die koning dit
goedvind, laat my en my volk toe om te bly lewe. Dit is my wens en my versoek. 4Ek
vra dit, want ons, ek en my volk, is verkoop om voor die voet uitgeroei te word. Was
ons maar net as slawe en slavinne verkoop, sou ek stilgebly het, want dan sou die
ramp nie soveel skade aan die koning se belange veroorsaak het nie."

- Waarom, dink jy, moes Ester vir die koning spesifiek vra om die Jode te spaar?
- Wat, dink jy, sou gebeur het as die koning besluit het om nee te sê?

### 3. NUWE STORIE

- Hoe kan Jesus vir jou in jou situasie gebruik?
- Waarom het Hy jou gesit waar jy nou is?

### 4. ONS STORIE

- Kyk 'n bietjie om jou in jou gemeenskap. Waar kan jy jou invloed gebruik? Gebruik daardie invloed om 'n kindergroep te begin of by te staan, of om 'n #imagine Kidz reeks een vakansie by jou gemeente aan te bied.

### 5. GEBED

Dank die Here dat Hy jou geplaas het waar jy is. Bid dat jy al hoe meer na sy stem sal luister om gebruik te word waar jy is.

# VRIENDSKAP

✕

## DAWID EN NATAN – 2 SAMUEL 12:12-13

### 1. MY STORIE

My naam is Natan, en dit beteken "geskenk." Dawid, my vriend is ons superster koning, tog het hy ook sy foute. Ek het die gawe wat God my gegee het, gebruik en probeer om vir Dawid 'n geskenk te wees. My gawe is om te sien wanneer goed nie heeltemal gaan soos dit moet nie en dan iets daaroor te sê. Een van die swaar foute wat koning Dawid gemaak het, was om na 'n vrou, Batseba, te kyk terwyl sy bad en haar te begeer. Sy was getroud met 'n man wat in die oorlog geveg het. Dawid het Batseba swanger gemaak en was toe baie bekommerd oor wat Batseba se man sal sê. Hy het toe seker gemaak dat Batseba se man in die oorlog sterf en het toe self met Batseba getrou. Dit was my werk (my geskenk) om Dawid se vriend te wees en vir hom te sê dat die manier waarop hy opgetree het, verkeerd was.

### 2. 2 SAMUEL 12:12-13

12"want jy het 'n ding in die geheim gedoen, maar Ek sal alles oop en bloot voor
die hele Israel doen." 13Toe sê Dawid vir Natan: "Ek het gesondig teen die Here." En
Natan sê vir hom: "Die Here het jou sonde vergewe: jy sal nie nou sterwe nie."

Lees dalk die hele 2 Samuel 11-12 om 'n beter idee van die verhaal te kry.

- Verbeel jou jy is Natan. Hoe sou jy gevoel het toe jy met Dawid moes praat oor wat hy verkeerd gedoen het in die oë van die Here?
- Dink aan 'n geleentheid toe die Here jou geroep het om in liefde na vriende te gaan en met hulle te deel wat jy by die Here gehoor het.

### 3. NUWE STORIE

- Dink jy dat Jesus ook Sy vriende soms aangespreek het soos Natan vir Dawid moes aanspreek?
- Kan jy 'n paar sulke gebeure opnoem?

### 4. ONS STORIE

- Maak 'n lys van jou verskillende vriende. Hoe bou hulle in jou lewe in en hoe kan jy in hulle lewe inbou?

### 5. GEBED

Vra die Here om jou te help om met waagmoed en menswaardigheid na jou vriende te gaan en saam met hulle 'n pad van herstel te loop wanneer hulle miskien ver van God voel en dinge doen wat nie wys dat hulle volgelinge van Jesus is nie.

# #IMAGINE KIDZ

Besluit om 'n #imagine Kidz 3-dag geleenthed te reël vir laerskool kinders in vakansietyd, of wees 'n leier by iemand anders s'n, deur die vaardighede en toerusting wat jy ontvang het by die #imagine Kidz werkswinkel te gebruik, of deur 'n e-pos te stuur aan info@imaginekidz.com

Begin deur verhoudings met die kinders van jou gemeente en gemeenskap te bou. Leer mekaar ken met hierdie ysbreker:

### DIE LEKKERS YSBREKER

Maak groepe, neem 'n hand vol lekkers, en vir elke kleur lekker, vertel vir mekaar die volgende:

- GEEL – Jou gunsteling verhaal uit die Bybel
- ORANJE – Dinge waarin jy goed is
- ROOI – Iets oor gister
- BRUIN – Iets waarsonder jy nie kan leef nie
- GROEN – Gunsteling fliek, boek, of kos
- BLOU – Iets wat jy verlede week geleer het
- PERS – As jy al die geld in die wêreld gehad het, wat sou jy eerste koop?
- PIENK – Jou gunsteling stokperdjie

# TYD

×

## DIE BARMHARTIGE SAMARITAAN – LUKAS 10:25-37

### 1. MY STORIE

Ek is 'n Samaritaan, en ek en my hele volk is baie lief vir die Here. Ons is afstammelinge van Jode wat met ander mense van ander volke getrou het, maar die Joodse wette verbied dit. Dus, haat die Jode ons, en beskou ons as minder werd as hulle, en ons is vyande van die Jode. Toe ek eendag op reis was en 'n Jood langs die pad sien lê het, was ek bang hy gaan my haat toe ek besluit om hom te help, maar ek het dit in elk geval gedoen, en al my ander planne op sy geskuif vir hom.

### 2. LUKAS 10:30–33

30 Jesus gaan toe nader daarop in deur te sê: "Toe 'n man eenmaal op pad was van
Jerusalem af na Jerigo toe, het rowers hom aangeval. Hulle het hom kaal uitgetrek
en hom geslaan dat hy halfdood bly lê, en toe padgegee. 31 Dit gebeur toe dat daar
'n priester met daardie pad langs kom, en toe hy hom sien, gaan hy ver langs verby.
32 Net so het daar ook 'n Leviet by die plek gekom, en toe hy hom sien, gaan hy ook
ver langs verby. 33 Maar 'n Samaritaan wat op reis was, het op hom afgekom, en toe
hy hom sien, het hy hom innig jammer gekry.

(Lees asb. hele teksgedeelte: Lukas 10:25–37)

- Waarom, dink jy, 'n Samaritaan, 'n vyand van die Jode, eerder hierdie arme Jood gehelp, eerder as die man se mede-Jode?
- Dink jy dat jy ook iemand sou help soos die Samaritaan gemaak het, en jou hele dag en al jou planne op sy sal skuif?

### 3. NUWE STORIE

- Is "Kerk" of "Christenskap" iets wat na 'n sekere tyd van die week of die dag beperk word? Of is ons verhouding met Jesus juis die ding wat die res van ons lewens bepaal?

### 4. ONS STORIE

- Kyk na jou weeklikse program, en teken dit op 'n blaai papier of 'n witbord. Beplan jou weeklikse skedule om juis tyd uiteen te sit waar jy niks anders doen nie as dien, of uitreik, of by die kerk uithelp.

### 5. GEBED

Bid dat die Here ons oë sal oopmaak om ons tyd beter te beplan, sodat kerk of ons geloof nie meer laaste kom na huiswerk of sport nie, maar eerder belangriker raak as enige iets anders.

# #IMAGINE ENCOUNTER STATIONS

Bid saam deur jou eie "Encounter Stations" vir jou kerk of skool te bou.

1. **LIKE**
   Bid oor jou EMOSIES en deel jou gevoelens soos hartseer, skuldig, kwaad, gelukkig, bang met God, deur 'n emoji in die sand te teken.

2. **CHECK IN**
   Die PLEKKE waar ons al was, kan ons baie beïnvloed. Kyk na prente van verskillende plekke. Sit dan 'n klippie neer voor enige prent wat vir jou betekenisvol is. Dank God vir hierdie plek en deel jou gevoelens met Hom.

3. **TAG**
   Dink na oor jou VERHOUDINGS met mense wat gebed benodig. Skryf woorde op uitgesnyde mens-vorme oor verhoudingsprobleme wat gebed benodig – woorde soos stukkend, stryd, stilte, seer, skaam, wantrou, teleurstelling, of vergifnis.

4. **FOLLOW**
   VOLG die doolhof terwyl jy oor jou eie storie van geloof dink, en kniel dan by die kruis om te bid.

5. **TWEET**
   "Tweet" jou VRAE (soos twyfel of geloofsvrae) deur dit op swartborde te skryf.

6. **#NO FILTER**
   Kyk na jouself in die spieëls met verskillende vrae daarop – vrae soos "Oor watter keuses is jy spyt?" of "Waarop maak jy staat?" Bid soos wat jy na die vrae kyk en van spieël tot spieël beweeg.

7. **POST**
   Bid oor die ERVARINGS wat 'n groot invloed op jou gehad het deur 'n prent te kies en dit op die muur te plak.

8. **SELFIE**
   Gebruik die klei om jou eie pyn, skuld, sonde, of self-beeld uit te beeld terwyl jy vir JOUSELF bid.

# GEBED

×

## PETRUS EN JOHANNES HANDELINGE 3:1-10

### 1. MY STORIE

Kyk! Ek kan loop! Julle almal ken my, en weet hoe ek nog nooit in my lewe my bene kon gebruik nie. Toe sit ek eendag op my gewone plek by een van die tempel se ingange, en daar kom hierdie twee mans verby. Ek het hulle nie geken nie, maar toe sê hulle vir my om te loop. Ek wou liewers geld hê! Maar, toe hulle die naam van daardie Jesus noem, voel ek iets in my bene vir die eerste keer, en ek staan op en ek kon loop!

### 2. HANDELINGE 3:1–2, 5–6

1 Een middag om drie-uur, die tyd van die gebed, was Petrus en Johannes op pad
tempel toe. 2 Net toe word daar 'n man aangedra wat van sy geboorte af lam was. Sy
mense het hom elke dag by die tempelpoort wat Mooipoort genoem is, neergesit
om by die tempelgangers te bedel.

5 Toe kyk die man na hulle in die hoop dat hy iets van hulle gaan kry. 6 Maar Petrus
sê: "Geld het ek nie; maar wat ek het, gee ek vir jou: in die Naam van Jesus Christus
van Nasaret, staan op en loop!"

- Waarom het Petrus nie geld gegee nie? Wat het hy gegee, liewers as geld?
- Wat sou jy gedoen het as jy in Petrus se situasie was?

### 3. NUWE STORIE

- Dink aan die armoede en nood om jou. Wat het jy om te gee? Wat kan jy doen?

### 4. ONS STORIE

- Laat jou kategese of jeuggroep bymekaar kom en dink aan jul sterkpunte. Kyk dan na jul gemeenskap, en kyk hoe julle jul sterkpunte kan gebruik om regtig 'n verskil te maak. Plaas iets oor julle projek op sosiale media en daag buur jeuggroepe uit om hulle eie projek te begin.

### 5. GEBED

Bid die volgende gebed elke dag vir 'n week: *"Here, maak my oë oop om nood raak te sien, my hart oop om almal lief te hê, en my hande oop om regtig te help.*

REEKS
03

# JOU STORIE VAN VERHOUDINGS

Verhoudings vorm deel van die kern van ons bestaan as mense. Ons kort verhoudings om as mens te groei. Tog is verhoudings nie altyd maklik nie. Dikwels stoot verhoudings ons buite ons "comfort zones" en vra ons om moeilike dinge te doen. Een ding is verseker, en dit is dat ons verhoudings kort – veral betekenisvolle verhoudings oor grense heen.

In hierdie Bybelstudie reeks, ontdek ons verskillende karakters vanuit die Bybel, om te sien wat hulle gedoen het om verhoudings met ander te bou.

**IN ELKE BLOK HIERONDER, SKRYF VERSKILLENDE VERHOUDINGS NEER WAT VIR JOU BELANGRIK IS.**

# VERHOUDINGS DEUR VERGIFNIS

## JOSEF – GENESIS 50:15-21

### 1. MY STORIE

Dit was vir my moeilik, toe ek as 'n slaaf verkoop was. Eers het my elf broers vir my in 'n put gegooi, en toe ek my oë uitvee, was ek halfpad Egipte toe! Hulle was seker baie verbaas, toe hulle jare later Egipte toe gekom het op soek na kos, en vir my gevind het - in beheer van die hele land! Ek het nie geweet wat om te doen nie. Ek kon hulle maklik straf of toesluit, maar hulle is familie, en ek het geweet ek moet hulle vergewe en ons verhouding herstel.

### 2. GENESIS 50:15–17, 19A, 21A

15Na hulle pa se dood het Josef se broers gevra: "En as Josef nog steeds 'n grief teen
ons het en ons nou gaan terugbetaal vir al die kwaad wat ons hom aangedoen het?"
16Daarom het hulle 'n boodskap na hom toe gestuur: "Voor sy dood het u vader
beveel: 17'Julle moet vir Josef vra om tog die groot misdaad teen hom, die onreg
wat julle hom aangedoen het, te vergewe.' Vergeef ons tog nou die misdaad. Ons
dien ook die God van u vader." Josef het gehuil oor wat hulle vir hom laat weet het.
19Maar Josef het hulle geantwoord: 21"Moenie bang wees nie. Ek sal sorg dat julle en
julle kinders kos het."

- Waarom wou Josef sy broers liewers vergewe as straf?
- Is dit vir jou moeilik om mense te vergewe wat jou seer gemaak het? Waarom, of waarom nie?

### 3. NUWE STORIE

- Waarom, dink jy, het Jesus sy dissipels geleer om te bid: "Vergeef ons ons sondes, soos ons die vergewe wat teen ons sondig..."?

### 4. ONS STORIE

- Dink oor almal om jou. Wie ken jy met wie jy 'n slegte verhouding het? Met wie kom jy nie oor die weg nie? Probeer om daardie persoon te bevriend, hulle leer ken, en daardie verhouding herstel.

### 5. GEBED

Bid hierdie sin uit die Onse Vader, met die naam van iemand wat jy nodig het om te vergewe: *"Vergewe my sondes, want ek vergewe ook [persoon se naam] wat ook sondig, nes ek."* Bid dit elke keer vir elke persoon wat jy moet vergewe.

# VERHOUDINGS DEUR GETUIENIS

## JOHANNES DIE DOPER – LUKAS 3

### 1. MY STORIE

Ek het altyd geweet ek is spesiaal, van die dag wat my ouers vir my vertel het van hoe ek gebore, asook wie my familie is. My neef, Jesus, hy lyk nes ek – net 'n gewone mense – maar ek weet hy is spesiaal. Dit is waarom ek in die woestyn gaan preek het – ek moes vir almal, insluitend buitelanders en Romeine, vertel van die soort lewe wat Hy sou bring

### 2. LUKAS 3:2–3, 11–14

[2]In daardie tyd het die woord van God tot Johannes, die seun van Sagaria, in die
woestyn gekom. [3]Hy het deur die hele Jordaanstreek gegaan en verkondig: Bekeer
julle en laat julle doop en God sal julle sondes vergewe. [10]Die mense vra hom toe:
"Wat moet ons dan doen?" [11]Hy antwoord hulle: "Wie twee kledingstukke het, moet
dit deel met iemand wat nie het nie, en wie kos het, moet dieselfde doen." [12]Daar
kom toe ook tollenaars om gedoop te word en hulle sê vir hom: "Meneer, wat moet
ons doen?" [13]En vir hulle sê hy: "Moenie meer invorder as wat vir julle vasgestel is
nie." [14]Ook soldate het hom uitgevra: "En ons, wat moet ons doen?" Hy antwoord
hulle: "Moet van niemand deur geweld of vals aanklag geld afpers nie, maar wees
tevrede met julle betaling."

- Waarom, dink jy, het mense wat nie goeie voorbeeldige Jode was nie, ook na Johannes toe gekom om gedoop te word?
- Wat sou Johannes vir jou gesê het as jy daar was?

### 3. NUWE STORIE

- Na watter soort mense het Jesus gegaan en tyd mee spandeer?

### 4. ONS STORIE

- Vind iemand op sosiale media wat jy volg, of wat vir jou volg, van 'n ander land of kultuurgroep. Bou bande met hulle, vind uit wat julle in gemeen het, en vier julle verskille.

### 5. GEBED

Bid dat die Here jou ook sal stuur na mense wat anders is, net soos Hy vir Johannes gestuur het.

# #AKTIVEER ANDER

#imagine daag ons uit om nie net te droom en te glo nie, maar ook om te DOEN. Gebruik die onderstaande idees om met ander te "connect", om brûe te bou, en om mense te inspireer om 'n verskil te maak in jou gemeenskap.

## SOSIALE MEDIA

- Begin 'n veldtog om bewustheid te kweek op Twitter, Facebook, Whatsapp, ens.
- Begin 'n Instagram storie oor 'n vers van die dag.
- Sit iets op Facebook met inligting oor 'n sosiale kwessie.

## MUSIEK

- Skryf 'n lied om te sing by jou jeuggroep of jeugbediening.
- Skryf "slam" digkuns, neem dit op, en probeer dit laat "viral" gaan op sosiale media.

## REËL 'N UITREIK

- Dink aan idees vir 'n uitreik-aksies
- Gaan op 'n plaaslike uitreik
- Besoek jou naaste ouetehuis
- Doen die #trashbag uitdaging

## DIEN BY JOU PLAASLIKE KERK

- Begin 'n Bybelstudie groep
- Begin 'n gebeds-stap
- Reël 'n jeugweek by jou skool of kerk
- Reël 'n re#imagine geleentheid
- Begin 'n fondsinsameling veldtog vir 'n spesifieke doel
- Dien as 'n jeugleier
- Begin 'n verwelkoming span vir julle dienste Sondae

# VERHOUDINGS MET NIE-GELOWIGE LEIERS

## DANIËL – DANIËL 5

### 1. MY STORIE

Dit was vir my erg genoeg dat my geliefde land, Israel, deur die Babiloniërs oorgeneem is, maar toe sien ek hoe die nuwe koning spot met ons deur almal in sy paleis uit ons goue en silwer bekers en borde laat eet en drink, was dit te veel vir my. Hierdie mense is nie gelowiges nie, en ek wou kwaad raak, totdat ek onthou dat God almal liefhet, en dat ek ook hulle soos God moet liefhê.

### 2. DANIËL 5:1–2, 5, 13, 17

1 Koning Belsasar het 'n groot ete gegee vir sy duisend hoofamptenare en saam
met hulle wyn gedrink. 2 Toe hy onder die invloed van die wyn was, het hy die
goue en die silwerbekers wat deur sy voorganger Nebukadnesar uit die tempel van
Jerusalem weggevoer is, laat haal sodat hy en sy hoofamptenare, sy vrouens en sy
byvrouens daaruit kon drink. 5 Meteens verskyn daar toe 'n mensehand wat op die
gepleisterde muur van die paleis skryf, reg teenoor die kandelaar. Die koning het die
hand gesien terwyl dit skryf. 13 Daniël is toe na die koning toe gebring, en die koning
het vir hom gevra: "Is jy die Daniël uit die Judese ballinge wat deur my voorganger
die koning hierheen gebring is uit Juda?" 17 Toe het Daniël die koning geantwoord:
"Hou gerus maar u geskenke en gee u beloning maar aan iemand anders. Ek sal in
elk geval vir u lees wat geskryf is en dit vir u uitlê."

- Waarom, dink jy, het Daniël die koning gehelp, al het die koning met Jerusalem en Israel gespot?
- Na wie toe stuur die Here ons?

### 3. NUWE STORIE

- Hoe kan ons optree teenoor enige leiers wat ongelowig is?

### 4. ONS STORIE

- Nooi mense van verskillende gelowe om pouse by julle te kom sit. Vra hulle uit oor hulle geloof en deel jou storie sonder om te oordeel.

### 5. GEBED

Bid dat die Here vir ons die wysheid en insig sal gee wat Daniël gehad het om met liefde en sagtheid teenoor ongelowige leiers op te tree.

# VERHOUDINGS DEUR LEIERSKAP

## JOSHUA - JOSHUA 1:1-9

### 1. MY STORIE

My naam is Josua en die Here het my die wysheid gegee om Moses se opvolger te word. Ek moes God se volk lei na die nuwe land. Ek was lief vir die Here en sou enige iets doen om gehoorsam aan God te wees ten spyte van die feit dat ek maar 'n skrikkerige outjie was.

### 2. JOHUA 1:1-9

[2] "Moses my dienaar is dood. Maak jy nou gereed en trek deur die Jordaanrivier, jy
en hierdie hele volk. Gaan na die land toe wat Ek aan hulle, die Israeliete, gee. [6]Wees
sterk, wees vasberade, want jy moet hierdie volk die land in besit laat neem wat Ek
met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het. [9]Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk,
wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou
God, is by jou oral waar jy gaan."

- Josua kry die belangrike opdrag om die volk die beloofde land in te lei. Hoe dink jy het Josua gevoel en wat sê die Here vir hom in hierdie verse?
- Wat sê hierdie teks vir jou oor om grense na ander oor te steek?

### 3. NUWE STORIE

- Een van Jesus se name is IMMANUEL – dit beteken: GOD MET ONS. Hoe help dié naam jou om te dink oor waar Jesus is wanneer jy grense moet oorsteek en buite jou gemaksone iets vir die Here moet gaan doen?

### 4. ONS STORIE

- Teken jou dorp op 'n stuk papier. Waar lê die verskillende grense wat mense van verskillende rasse, ouderdomme, klas, geloof ens. verteenwoordig? Watter grense is moeilik om oor te steek en hoekom?

### 5. GEBED

Mag God jou seën met genoeg dwaasheid om te glo dat jy 'n verskil kan maak in hierdie wêreld, sodat jy dinge sal kan doen wat ander mense dink nie gedoen kan word nie.

# #MENTORSKAP

Mentorskap speel 'n baie groot rol in die Bybel. Ons sien mentors in alle vorme van Moses na Naomi tot by Elisabet, Paulus, Barnabas, en Jesus, ons grootste mentor. Sekere aspekte van mentorskap maak dit anders as vriendskap, afrigters, of om 'n onderwyser te wees naamlik: invloed, toewyding, om 'n voorbeeld te wees, en om om te gee op 'n manier wat alle grense oorsteek.

### INVLOED

- Teken 'n tydlyn van jou lewensfases, bv. Voorskool, laerskool, en hoërskool. Vul in waar jy dink mense jou geloofstorie beïnvloed het deur hulle naam daar in te skryf. Terwyl jy hul naam skryf, dink terug oor hoe hulle jou beïnvloed het.

### TOEWYDING

Mentorskap gaan oor toewyding. Dit beteken dat die mentor nie net aan jou toegewyd is nie, maar dat jy ook toegewy is om te groei in jou verhouding met God.

- Gaan buitekant toe en gaan kyk na 'n tak of 'n plant. Vir elke blaar op daardie tak, probeer om 'n manier te noem hoe jy in jou verhouding met God kan groei.

### WEES 'n VOORBEELD

'n Mentor is iemand na wie jy kan op kyk. Nie omdat hulle perfek is nie, maar omdat hulle Jesus volg. As 'n mentor, moet jou woorde en dae ooreenstem. Jy moet 'n voorbeeld wees in geloof (wat ek glo en hoe ek God dien), lewe (hoe ek lewe volgens God se wil, gewoontes, en gedrag) en liefde (hoe ek omgee en liefhet).

- Dink aan iemand wat 'n goeie voorbeeld vir jou stel, en skryf dan die verskillende eienskappe van 'n goeie mentor op klein kaartjies. Plak dit op jou spieël as 'n herinnering om te doen wat jy sê.

### OMGEE VIR ANDER

Om 'n mentor te wees beteken dat jy moet omgee vir ander en regte, betekenisvolle verhoudings met hulle bou. Dit gaan oor om saam met iemand te loop en doelbewus dinge saam met hulle te doen.

- Trek sirkels van die verskillende areas van jou lewe, bv. skool, werk, vriende, familie, kerk, sport, belangstellings, roetines, ens. Skryf in elke sirkel die name van die mense wat jou pad in daardie areas kruis (mense saam met wie jy tyd kan spandeer of reeds saam tyd spandeer het). Is daar enigiemand vir wie jy 'n mentor kan wees?

# VERHOUDINGS DEUR TE GETUIG

## PETRUS EN KORNELIUS – HANDELINGE 10

### 1. MY STORY

"Petrus, jy kan nie sê iets is onrein as Ek dit goed verklaar het nie" – Hierdie woorde sit nog die heeltyd in my kop vas. Moses het gesê ons moet ons weerhou van onheilige en onrein goed. Daarom mag ek nie in 'n nie-Jood se huis gaan nie. In hierdie droom kom sê God iets anders. Sy liefde is nie meer beperk tot 'n handjie vol nie, maar vir almal! Jesus het alle reëls op die kruis kom breek en God se liefde word nie deur grense gekeer nie. Liefde vir my naaste troef reëls elke keer.

### 2. HANDELINGE 10

34 Toe het Petrus aan die woord gekom en gesê: "Waarlik, ek begryp nou eers dat
God nie onderskeid maak nie, 35 maar in enige volk die mense aanneem wat Hom
vereer en doen wat reg is. 36 Julle weet dat God aan Israel sy woord gestuur het,
naamlik die evangelie van vrede wat Jesus Christus gebring het. Hierdie Jesus is
Here van almal.

(Lees sommer die hele hoofstuk)

- Wat is die betekenis van die doek met die diere in? Watter gevolge het hierdie doek met diere in vir Kornelius en ander nie-Jode?
- Wat sê hierdie gedeelte oor my verhouding met mense van ander kulture en rasse?

### 3. NUWE STORIE

- Jesus sê ons moet ons naaste liefhê soos onsself. Noem praktiese voorbeelde hoe hierdie liefde in jou lewe kan lyk.

### 4. ONS STORIE

- Gaan na iemand van 'n ander kultuur toe en gaan vind meer uit hoe hulle belangrike datums vier – soos verjaarsdae, geboortes, familiebyeenkomste, ens.

### 5. GEBED

*"Here en liefdevolle God, dankie dat U nie ons elkeen dieselfde gemaak het nie. Dankie dat ons diversiteit in ons reënboognasie kan vier. Help my om begrip vir ander kulture en mense te hê wat nie dieselfde as ek is nie."*

# VERHOUDINGS DEUR MENTORSKAP

## ELI – 1 SAMUEL 3:1-9

### 1. MY STORIE

Ek is Eli, 'n hoë priester van Israel. Dis my verantwoordelikheid om as middellaar tussen God en die volk op te tree, mens kan amper sê dat ek God se verteenwoordiger vir die volk was en dus as 'n goddelike voorbeeld moes leef. Tog is dit soms so moeilik om vir iemand 'n voorbeeld te stel, as hulle nie daarin belangstel nie. Ek het dit op die harde manier geleer toe my seuns nie net teen my wil nie, maar ook teen God se wil opgetree het. Ek het so skaam daaroor gekry, veral omdat ek hulle nie genoeg gelei het nie. Maar God is goed, hy is 'n God van tweede kanse en my tweede kans het gekom in die vorm van Samuel. Samuel se ma, Hanna, het hom na die tempel gebring toe hy nog baie klein was en dit was my vertantwoordelikheid om hom van die Here te leer en ook hoe om Hom te dien.

### 2. 1 SAMUEL 3:1-9

8 Die Here het Samuel toe 'n derde keer geroep, en hy het opgestaan en na Eli toe gegaan en gesê: "Hier is ek, want u het my geroep." Toe besef Eli dat die Here die seun geroep het, 9 en Eli sê vir Samuel: "Gaan lê en as iemand jou weer roep, sê jy: Praat, Here, u dienaar luister!"

- Hoekom dink jy het Samuel gedink dis Eli wat hom roep, en nie God nie?
- Wie het jou al gehelp om God se stem te hoor?

### 3. NUWE STORIE

- Hoe sien jy vir Jesus raak in jou allerdaagse lewe - hoe laat Jesus sy stem hoor in jou lewe?

### 4. ONS STORIE

- Gaan wees vir iemand 'n mentor – afrigter- by die skool of by die kerk, of kry vir jou 'n mentor. Vra vir God om die regte persoon oor jou pad te stuur wat jou sal help op jou geloofsreis. Gebruik die Mentorskap stuk in die boekie om jou daarmee te help.

### 5. GEBED

*"Here, dankie dat U na ons uitreik op soveel verskillende maniere. Dankie dat U deur my en ook deur ander mense kan praat..."*

# AANVAAR DIE P.I.G.GY UITDAGING!

## P.I.G. = POST #IMAGINE GELEENTHEID

1. Dink aan iemand wat reeds lank vir Jesus volg en wie vir jou kan bemoedig, soos Paulus met Timoteus gedoen het, (bv. 'n familielid, ouma in die gemeenskap, 'n onderwyser of 'n self 'n tiener).
2. Vra of jy hom/haar mag besoek.
3. Deel oor jou eie #imagine naweek belewenis.
4. Vra vir die persoon hierdie 4 vrae en luister vir wysheid
   - Kan jy dink aan 'n moeilike tyd wat jy deurgegaan het? Wat / wie het jou daardeur gehelp?
   - Hoe bly jy sterk in jou geloof?
   - Hoe groei jy en leer ken jy Jesus beter?
   - Watter advies sal jy vir my wil gee wat jy wens iemand het vir jou gegee?
5. Bid saam / vra vir die persoon om vir jou te bid.
6. Besluit of jul 'n Bybelstudie saam wil doen uit die #imagine boekie.
7. Besluit of jul weer wil bymekaar kom.
8. Post 'n foto aanlyn van jouself saam en die ander persoon met die varkie wat agter op jou boekie is. #imagine2019 #piggychallenge

NOTA: Lees meer oor mentorskap in die boekie of besoek gerus www.imaginemovement.co.za

# NOTA'S

# NOTA'S


P.I.GGY
CHALLENGE